

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXIV

VRYDAG 12 SEPTEMBER 1969

NR. 14

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

Die Helidema
Kerkstraat 48
DIE MEES GEËERDE
NAAM IN
FIETSRY

NUWE STUDENTERAAD WIL PLAASLIKE A.S.B. HERORGANISEER

NEGE OUD-STUDENTERAADSLEDE het weer die paal gehaal in die afgelope Studenteraadsverkieping, en heelwat nuwe bloed daarby beloop somer groot dinge vir die nuwe termyn. Hier is 'n paar van die leiers se neutvars planne:

'n Herorganisasie van die plaaslike A.S.B.-komitee word in die vooruitsig gestel deur die studenteraadsvoorsitter, mnr. T. J. Kruger.

◆ Mnr. Kruger het in 'n onderhoud met „Die Wapad” gesê die S.R. beoog om sekere departemente van die A.S.B. aan die hoofliggame op te dra. Die A.S.B.-komitee sal in die toekoms waarskynlik nie uitsluitlik uit S.R.-lede bestaan nie en die S.R.-voorsitter sal ook nie meer voorsitter van die A.S.B.-komitee wees nie. Afgevaardigdes na A.S.B.-kongresse sal ook nie voortaan uit die S.R. aangewys word nie.

Ook op nasionale vlak behoort die A.S.B. deur instelling van praktiese diensprojekte, soos 'n vakansiewerkverskaffingsburo, 'n nasionale afslagstelsel en 'n mediese skema, deur te dring tot elke student.

P.N.B.

Fanie Coetzee, voorsitter van die Polities-Nasionale Bestuur, sê: „Hierdie hoofbestuur het reeds bewys dat hy bestaansreg het as 'n belangbehartigende liggaam in die georganiseerde studentelewe op die kampus. Dit sal dan ook in hierdie termyn sy doel wees om hierdie belangstellingsfeer van die student verder uit te bou op alle moontlike maniere. Deur vlugskrifte en programvergaderings sal gebou word aan die struktuur wat in die vorige termyn gefundeer is; deur samewerking met die A.S.B. sal gepoog word om die student meer bewus te maak op te neem in die breër verband van die Afrikaanse studentelewe.

A.O.B.

Kobus van der Walt, voorsitter, stel die A.O.B.-beleid soos volg: „Die beleid van die A.O.B. vir die komende termyn sal wees om die keur van ontspanning aan die studente te bied. In die twee jaar van die A.O.B. se bestaan het ons al in 'n mate geleer wat die studente se belangstelling in ontspanning is en die A.O.B. wil daardie ontspanning gebruik om u belangstelling verder uit te bou en te bevredig. Groot verbeteringe word in die vooruitsig gestel”.

A.B.K.K.

Johan Schutte, weer voorsitter van A.B.K.K. sê: „Dit is my gedagte dat die A.B.K.K. in die loop van hierdie termyn alles in sy vermoë moet doen om soveel as moontlik aktiwiteite tot hul reg te laat kom op die kuns-kulturele terrein van ons studentelewe, sodat alle studente soveel as moontlik waarde daaruit kan put, en sodat dit ook vir almal tot ontspanning kan dien.

„Ten opsigte van die werksaamhede van die A.B.K.K. self sal daar eerstens gepoog word om aan

ons eie studentekunstenars genoegsame geleenthede te bied om voor hulle medestudente sowel as ander persone op te tree — 'n voorneme wat, indien dit op koshuisbasis beplan word, goeie vrugte behoort af te werp. Tweedens

sal daar gepoog word om ons studente weer eens in die geleentheid te stel om opvoerings van kunstenars van formaat by te woon — hetsy deur die uitnooiing van kunstenars hierheen, hetsy deur die reëling van die bywoning van opera- en ander uitvoerings elders.

„In alles wat ons gaan aanpak sal ons staatmaak op die ondersteuning van ons studente. Sonder u steun en sonder u positiewe bydrae om vanjaar van ons studentelewe op kuns-kulturele vlak 'n vrugbare jaar te maak, is ons hande al by voorbaat afgekap.”

* Vervolg op bladsy 2



Uittredende S.R. (in luim)

In komitee.
(Foto: Fotokuns)

V.l.n.r.: Kobus du Plessis (sekr.), Tom Zanney (add. lid), Johan Kruger (voors.), Faan Coetzee (onder-voors.) en Robie Botha (penningmeester).

(Foto: Fotokuns)



WITS LUISTER ELEKTRONIES NA V.S.A.-KONGRESMAN

„DIE WAARHEID kan nie gestuit word nie”. Hierdie woorde kom uit die boodskap van Ogden Reid, 'n lid van die Amerikaanse kongres, by geleentheid van „Die dag van bevestiging” by die Universiteit van die Witwatersrand.

Die toespraak is in die Verenigde State op band geneem en na Suid-Afrika gestuur om by hierdie geleentheid gespeel te word. Mnr. Reid is deur Nusas genooi om persoonlik na Suid-Afrika te kom, maar die Regering wou slegs 'n visum aan hom uitreik indien hy sou onderneem om geen toesprake te lewer nie. Hiervoor het hy nie kans gesien nie en gevolglik is die toespraak langs hierdie weg gelewer.

Mnr. Reid het gesê dat idees en beginsels wat die waarheid reflekteer nie deur enige land in die wêreld gestuit kan word nie. Dit is om hierdie rede dat hy bly was om tog op te tree en het hom in die gees met hulle gevoel.

In sy bedankingswoord aan mnr. Reid het mnr. Duncan Innes, die president van Nusas, die Regering aangeval omdat mnr. Reid geleent-

heid geweier is om in Suid-Afrika op te tree. Hy het verder gesê dat indien Suid-Afrika vandag die bespotting van die wêreld is, dit is omdat mnr. Vorster sonder enige maniere en sonder insig optree.

Daar he'jy dit

U.O.V.S. KOMMISSIE
VAN ONDERSOEK



Ek wonder of daar nie enige Maori's in die Pukspan was nie.

TROFEE TOEGEKEN

OP 'n Massavergadering wat op Donderdagaand 4 September gehou is, is 'n aantal bekere aan studente oorhandig.

Johan Schutte het die P. W. Buys wisseltrofee ontvang, terwyl die Van Rooywisseltrofee (skaal) aan Over de Voor en Kompleks toegeken is. Wim Meyer en Frans Naudé deel die P. C. Kruger-trofee, en die Debatsbeker, asook die Wolnitbeker, is aan Ben van Jaarsveld oorhandig.

Op die sportdinee aan die einde van die jaar sal bekere en erekleure toegeken word vir sportprestasies.

Koöperasiekursus ingestel

DIE Universiteit beplan om vanaf volgende jaar 'n kursus in koöperasieleer aan te bied. Verteenwoordigers van verskillende koöperasies oor die hele land het onlangs hier byeengekóm om te beraadslaag oor hierdie nuwe kursus. Met hierdie kursus sal studente 'n diploma in koöperasieleer kan verwerf.

en nuwe Dagbestuur

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN

- ★ POTTEBAKKERY
- ★ GESKENKE
- ★ JUWELE
- ★ KOPERWARE

AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

ALLEEN STRYD SAL EENHEID HERSTEL

INDIEN 'n vreemdeling in Suid-Afrika sou vra wat die aard van die tipiese Suid-Afrikaanse studentelewe is, sou die antwoord wat die naaste aan die waarheid kom, wees dat daar nie so 'n ding is soos 'n tipiese Suid-Afrikaanse student nie.

En as so 'n besoeker nie so bevredig word nie en vra wat 'n tipiese Afrikaanse of Engelstalige studentelewe is, sou die ware antwoord moet wees dat daar ook nie so iets bestaan nie.

As die oningelichte 'n Amerikaner is wat genoeg voorbarigheid het om aan te dring op 'n verduideliking, kan 'n mens probeer om hom af te skud deur te sê dat daar hoogstens gepraat kan word van 'n tipiese studentelewe van 'n bepaalde kampus.

Die waarheid is dat een kampus (hetsy Afrikaans of Engelstalig) nie dieselfde soort studentelewe as die volgende wil hê nie. Maar belangriker is die feit dat ons verskillende kampusse nie dieselfde tipe studentelewe kán hê nie, al probeer ons, want ons kan nie eers behoorlik saamstem oor ons wetenskaplike benadering of ons klederdrag, of ons volksheid, of ons ontspanning, of ons politiek, of ons kultuur nie. En die Afrikaanse kampusse is hoegenaamd nie vergelykbaar met die Engelstalige

kampusse nie; ons hou amptelik van kultuur, hulle haat dit amptelik; ons is sku vir vreemdhede, hulle floreer daarop; ons soek na geestelike eenheid onder onself, hulle probeer om politieke gemobiliseerdheid te bereik — want politieke mag is finansiële lonend; hulle is geneig om neer te sien op ons lewenswyse, en sommige onder ons (die afgedwaaldes) staar met begerende oë na hul „with-it mature and somewhat permissive” lewenspatroon.

Eenheid? Soek ons na eenheid? Nasionale eenheid? Nasie-eenheid? Volkseenheid? Studente-eenheid? Tevergeefs soek ons as ons nie eens weet waar en waarom ons onenig is nie. Dit help niks om in refrain soveel keer as wat die woorde „I love you” daagliks oor Radio Hoëveld gesing word, te sê eenheid is mag, en dan niks daaraan te doen nie.

Laat ons liever 'n burgeroorlog voer — daarna sal iemand weer werklik met iemand een kan wees en sal die enigste waardes wat standhoudend kán wees, seëvier; maar in hierdie vae, apologetiese geplas en gestoot in die kulturele gemors waarin die huidige studentegeslag gebore is, kan min in die aard van gesonde lewensbeskoulike ekspansie tot sy reg kom.

Geniet wyn en geregte met die regte dinee-etiket

(Deur Retha le Roux)

Skink in die helder wyn, skink in die donker wyn; die tyd van dinees is hier

OMDAT DIE MENS 'n wese is wat voedsel moet inneem, en deur die eeue hierrondom soveel rituele ontstaan het, het die dinee 'n ingewortelde deel van ons sosiale omgang en kultuur geword. En wat is daar mooier as die statige deftigheid van persoleinware, die glans van kerslig op silwerware, die onwerklike lig in die belofte van 'n glas purper-rooi wyn en die aroma van blomme en parfuim?

Vir die onervare dineeganger kan al hierdie skoonheid en genieting egter verlore gaan as hy hom senuweeagtig blindstaar teen rye-rye slaimesse, vleismesse, vismese en -vurke; en wie ken dan nou die verskil tussen 'n watersteelkelk, vonkelwynglas en kletretglas? Dineeganger, ontspan gerus, want jy het eerstens gekom om te geniet, en as dit voel of die ander gaste jou aanstaar, is dit seker oor jou deftige aandtabberd of swierige strikdas!

Wat is 'n dinee? Dit is 'n maaltyd waar al die voedsel nie gelyk op tafel verskyn nie, maar waar die verskillende geregte vanaf soep tot nagereg deur 'n bediende bedien word. Die PUK se dinees val onder die groep „semi-formeel”, waar die klassieke reëls vir tafeldekk en bediening nog gevolg word maar styfheid, protokol en streng formaliteite ontbreek.

Tog is daar dinge wat ons eers moet weet voor ons dit sommer weer vergeet.

DIE ETE

Sjerrie word voor ete bedien, en hier is dit glad nie onvanpas om 'n sagte drankie te vra nie.

- ◆ Daarna beweeg die gaste na die tafel; paarsgewys, of anders die mans in 'n groep en die dames in 'n groep. 'n Dame trek dan haar handskoene uit en plaas die servet bo-op haar handskoene en handsak op haar skoot.
- ◆ As daar 'n broodrolletjie op die servet was, word dit links op die tafel geplaas. Die gaste wag eers totdat die gasheer sy servet geneem het, en dit word dan onder die tafel oopgevou. Ont-hou egter dat 'n servet nie 'n waslap is nie, maar slegs soos kladpapiertjie gebruik word. Dit is ook nie bedoel om lipstif mee te verwyder nie!

Eetgerei word oor die algemeen van buite na binne gebruik soos dit op die tafel gerangkik is. As

daar onsekerheid is, hou die gasheer dop. Moenie die soep koud blaas, of eet dat almal jou kan hoor nie. Visgrate word met die duim en voorvinger verwyder, en hoewel tandestokkies op die tafel geplaas word, word hulle nie aan tafel gebruik nie. Vingerbakkies word gebruik om jou vingers in af te spoel, en nie om jou hande te was nie. Moenie jou bord terugstoot (en jou uitrek!) as jy klaar geëet het nie, en moet ook nie help om die borde op te stapel nie. Daarvoor word die kelner betaal.

Taboe is om beide elmboë weerskante van die bord op die tafel te plaas, om deur 'n mondvol halfgekoude kos te probeer „kommunikeer” en om nie die eetgerei netjies en parallel, effens na regs, op die bord te plaas as jy klaar geëet het nie.

Wanneer 'n dame haar hand-

skeene vashou, hou sy die vingers vas. Hulle mag nooit na onder rondswaai nie.

Die aangenaamste manier vir 'n dame om dank aan die gasheer te betoon, is om jou beste dineetabberd met bypassende juwele te dra. Omdat daar by 'n dinee geleentheid is om juwele van naby te betrag, moet kombinasies smaakvol wees. Saffier pas nie by robyn nie, en smarrag pas nie by turkoois nie.

WAT IS 'N HEER?

Hy is 'n persoon wat te alle tye weet hoe om op te tree teenoor enige persoon met wie hy in aanraking kom of by enige geleentheid wat hy bywoon. Hy is onbewus van homself, gelykmatig, groothartig en selfbeheersd. Selfbeheersing moet egter nie verwar word met 'n houding van hooghartigheid nie. Net soos 'n dame moet 'n heer ook nie misbruik maak van sy posisie, geleerdheid of rykdom om minder-bevoorregtes te imponer nie.

Ons gaan na 'n dinee om te geniet, en daarom ook om dit so genotvol moontlik vir ons geselle te maak. Dit bereik ons deur ons gesprek. „As iemand in woorde nie

* Vervolg op bladsy 7

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief...”

Turkstra
BAKKERY

ook te kry by u kafeteria



'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD

NASIONALE BOUVERENIGING

PLANNE EN UITSLAE

* Vervolg van bladsy 1

KORPS

DIE Korps Veritas Vincet-beleidsverklaring lui:

Korps Veritas Vincet het grondslae waarop in die toekoms gebou sal word, 'n bepaalde beginselstandpunt wat op alle werksaamhede sy stempel moet afdruk en dan is die bestuurslede ook propvol nuwe idees. Wat die programvergaderings betref, sal 'n komitee uit die bestuur in hierdie termyn dié aspek van ons werksaamhede behartig. Hierdie nuwe werkmotode hou groot belofte in. Indien die finansies saamspeel, sal — wat vlugskrifte betref — ook 'n meta-morfose beleef word.

As liggaam wat ons beywer vir, en besig hou met die prinsipiële begroning van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing in en rondom ons studentegemeenskap, moet Korps, om sy bestaan te regverdig, buitengewone lewenskragtigheid openbaar. Hierdie ideaal sal die bestuur te alle tye nastreef.

Bowel besef ons ons verantwoordelikheid voor God en teenoor die studentegemeenskap wat deur ons gedien moet word. In alles wat ons doen in diens van die P.U.-studente staan dit vir ons vas: Soli Deo Gloria.

THALIA

Tinus Jacobs, die nuwe voorsitter van Thalia, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê: „Ek en die Thalia-bestuur wil, soos in die

verlede, die naam van die Puk uitdra as ambassadeurs en ook poog om die toneelkuns te bevorder. Ons sal graag weer 'n goeie stuk met baie goeie professionele versorging op die planke wil bring. Danksy vorige bestuur se hulp, kan ons nou ook ons tegniese sy op professionele basis kry. Verder wil ons 'n aangename gees op die toer probeer skep sonder om die naam van die P.U. vir C.H.O. onwaardig te wees.”

Verkiesings-uitslae

Dagbestuur: Johan Kruger (voors.); Fanie Coetzee (ondervoors.); Kobus du Plessis (sekr.); Kobie Botha (penningmeester); Tom Larney (add. lid.).

Die volgende persone verteenwoordig die onderskeie hoofliggame op die SR:

P.N.B.: Fanie Coetzee, Leon Wessels, Tor Larney.

Korps Veritas Vincet: Lourens du Plessis, Jan-Carel Erasmus, Dawie Viljoen.

A.O.B.: Kobus van der Walt, Gert Smit, Louis Vorster.

A.B.K.K.: Kobus du Plessis, Johann Schutte, Carl Mische.

S.S.B.: (mej.) Bea Marais, Nico Botha, Ferdie Postma.

STEMPERSENTASIES

Die stempersentasie was soos volg:

P.N.B. — 66%; K.V.V. — 76%; S.S.B. — 33%; A.O.B. — 53%; S.R. voors. — 53% en A.B.K.K. — 62%.



GEWETELOSE UNIVERSITEIT AAN P.U. GESTIG

ONS STAAN BY die wieg van nog 'n grysaard. Na 'n inkubasietydperk van 43 jaar staan die nuutgestigte Universiteit van Heimat sy blou babakousies stewig vol.

Met die nodige akademiese plegtigheid is mnr. Dollies de la Porte as kanselier aangewys. Die rektor van hierdie jong reus is die jeugdige mnr. Deon Erasmus wat hom voorheen as primarius onderskei het.

hoof van die departement van ligte musiek getoonset is.

Die Universiteit sal bekend staan as H.U.s.G. (Heimat Universiteit sonder Gewete).

Professorate is toegeken aan die here doktore derdejaars — om soende hoofde vir die onderskeie fakulteite te kry. Senior studente wat reeds hul eerste studiejaar voltooi het is aangestel as junior lektore.

Kleurskyfies oor Bilharzia

Met ingang van die akademiese jaar wat op 9 November 'n aanvang neem, sal die universiteit reeds ten volle kan fungeer. Geleerdes woon reeds elke dag simposiums aan die P.U. vir C.H.O. by.

Kleurskyfies sal dien as illustrasie by 'n lesing van die Potchefstroomse Werksgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 16 September oor die belangrike vraag of bilharzia bestry kan word.

Trots op wat eie is aan hul universiteit is te bespeur in die Alma Mater wat vir die openingsplegtigheid geskryf is en deur die

Prof. dr. J. A. van Eeden, hoof van die departement dierkunde, sal as spreker optree. Die lesing begin om 7.30 nm. in die Frans du Toitgebou.

PROF. DE KLERK STUDEER IN NEDERLAND

PROF. DR. W. J. DE KLERK, hoof van die departement interfakultêre wysbegeerte en hoogleraar in pastorale sielkunde, het onlangs oorsee vertrek vir 'n studietydperk van vyf maande.

Prof. De Klerk sal hoofsaaklik onder dr. H. Faber, bekende Nederlandse pastorale sielkundige, en verbonde aan die Rijksuniversiteit te Leiden, studeer. Prof. De Klerk beoog om verskeie klinieke in Nederland, België, Duitsland en Engeland te besoek; om vas te stel hoe pastorale sielkunde inpas in die veld van die sielkunde en om die plek wat dit beklee te bepaal.

regering doen vir die jeug se vrytydsbesteding.

Mev. De Klerk hoop om aan die einde van November by hom aan te sluit, waarna hulle deur Europa sal toer.

In Utrecht sal hy 'n intensiewe kursus in praktiese psigoterapie volg. Hiertydens ontvang sodanige studente 'n aantal pasiënte (sommige uit inrigtings) wat hulle neem vir terapie. Die pasiënte se probleme wissel van ligte persoonlikheidssteurnisse tot swaar neurotiese probleme.

Prof. De Klerk het terselfdertyd 'n opdrag van die regering om vas te stel wat die Nederlandse

Johan Kruger.

Studenteraadsvoorsitter aan die woord

DIE TERMYN van die nuutverko- se Studenteraad het teen 'n hoë tempo begin en die lede is reeds volstroom aan die werk. Die tekens is daar dat 'n bedrywige termyn voorlê, tog is elke Studenteraads-

lid van voorneme om ook in hierdie termyn slegs die allerbeste vir die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. te lewer. In hierdie rubriek sal u in die toekoms dan ook op hoogte gehou word met die belangrikste sake wat deur die Studenteraad behandel sal word. Van ons kant af wil ons u vra, of eintlik versoek, om steeds met u Studenteraad in noue voeling te bly aangaande sake wat u as studentegemeenskap na aan die hart lê. Van ons kant af verseker ons 'n ontvanklike oor en aanpassing by die behoeftes wat van tyd tot tyd mag ontstaan.

Insake die gebeure van die kant van U.O.V.S. 'n paar opmerkings: tot tyd en wyl ons nie amptelik geskakel word in hierdie verband

nie, lewer ons geen kommentaar nie. Onverantwoordelike wend na die openbare pers kan sake op hierdie stadium slegs vertroebel. Die aanduidings is egter daar dat U.O.V.S. die saak op amptelike vlak wil afhandel. Daaroor is ons verheug en ons glo dat daar geen rede is waarom hierdie saak nie na behore opgelos kan word, en dan wel op 'n wyse wat die goeie verhouding tussen ons Universiteite waardig is nie.



(Foto: Fotokuns)

BÊRE-BESEMBOS OP PAD

DIE BESEMBOS is 'n waardevolle dokument vir elke student, nie net omdat dit artikels van aktuele belang bevat nie, maar ook as 'n bêrestuk om in die dae-van-geen-behae die vreugde van student-wees daarin af te lees.

Die Besembos van 1969 is op pad. Die redakteur, mnr. Tom Larney, het aan Die Wapad gesê dat die redaksie hoop om die blad aan die einde van die maand, of vroeg in Oktober, gereed te hê.

Soos altyd bevat Die Besembos vanjaar etlike artikels deur studente, asook groeppfoto's van alle koshuise, verenigings en sportklubs op die kampus.

Sodra Die Besembos verskyn, sal dit in die koshuise en kafeteria en by die studenteraadskantoor te koop wees teen 50 sent.


FYN KULU VAL IN GROWWE HANDE

ALLE TRADISIËS WAAI. Vestings tuimel voor die aanslag van rysmierhordes nuwe studente wat op die Puk toesak. 'n Mens kan nie anders as om te ween oor al die veranderinge wat gemaak word — veral as 'n tradisievaste dameskoshuis in die slag bly nie.

Dit is hoe die dames van Kulu voel nadat hulle die bevel: Trek Ferreira! gekry het.

Kulu is dameskoshuis van huis af uit: die gesellige sitkamer, gordyne wat vanjaar deur die dames uit hul eie sak aangekoop is en

die pragtige tuin waar hulle kon ontspan. Daarby voel hulle dat 'n unieke koshuisgees wat deur baie geslagte oudames en dore opgebou is, tussen die eerste en die tweede eeu van die Puk se bestaan verlore gaan, soos Kulu volgende jaar in nuwe manshande val.



DAMESFORT
VAL

U
HOEF
NIE,
MAAR
U
KAN

BETER KOOP BY
UNIEWINKELS

Uniewinkels

VERSKAFFERS
VAN
P.U.-KLEURE

SKOEN- EN FIETSREPARASIES

- ★ EN FLINKE DIENS
- ★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGHEDE

HUIS EN TUIN

(Langs Volkskas op die Bult)

- ★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

In 1886 skryf 'n student „nie 'n Postma die B.A.-graad met lof. Hy behaal die hoogste punte in die land en verower daarmee 'n prys.

In 1886 skryf 'n student: „nie 'n man nie maar 'n mannetjie, 'n seuntjie" in. „Hy was bleek en teruggetrokke en het eerder die indruk van swakheid as krag gemaak" — Jacob Daniël du Toit.

AFSPRAKE

10 Septemebr: Thalia-dinee.
15 September: Oosterhof — braai-
vleis.
17 September: Wapad-dinee.
19 September: Miniaturgholfoer-
nooi (A.O.B.).

ETIKETAAND

'N Etiketaand is op Woensdag-
aand 27 Augustus by Klawerhof ge-
hou. Hettie Steyn, die primaria,
het 'n lesing gehou oor die reëls
van etiket met die oog op die ko-
mende dinees.

20th Century

Maandag 15 en Dinsdag 16 Septem-
ber.

REFLECTIONS IN A
GOLDEN EYE

Marlon Brando en Elizabeth
Taylor

Woensdag 17 September.

THE MILLION DOLLAR
MAN

Frederick Stafford

Donderdag 18 tot Saterdag 20 Sep-
tember.

THE FIXER

Alan Bates en Dirk Bogarde

Maandag 22 en Dinsdag 23 Septem-
ber.

ASSIGNMENT TO KILL

Patrick O'Neil en Herbert Lomm

Woensdag 24 tot Saterdag 27 Sep-
tember.

THE GOOD, THE BAD AND
THE UGLY

Clint Eastwood

LIEFDESDIENS
VIR SWAKSIN-
NIGES GEVRA

DIE San Michele Tehuis vir swak-
sinnige kinders huisves tans 165
swaksinnige seuns en dogters uit
alle blanke bevolkingsgroepe van
ons land. Elke maand word daar
R33 aan elke kind bestee, wat die
onderhoudskoste te staan bring
op R5000 tot R5500 per maand. Be-
halwe vir 'n toelae van die staat
en bydraes van ouers is hierdie kin-
ders afhanklik van lede van die pu-
blik.

Verlof is pas toegestaan dat
San Michele nog 30 kinders mag
inneem sodat 120 seuns en 75 dog-
ters versorg kan word.

Op almal wat met 'n gesonde
verstand rondloop en min dink aan
diegene wat nie daarmee geseën is
nie, word daar 'n ernstige beroep
gedoen om 'n bydrae. Laat ons nou
eenmaal ons Calvinistiese begin-
sels uitleef deur 'n daad van liefde
aan ons naaste.

Bydraes kan gestuur word aan:
Gelukgebou 410/12, Hedley Chilvers
Tuin, h/v Wolmarans en Loveday-
straat, Johannesburg, of kan in
die posbus van Die Wapad ge-
plaas word. Alle tjeks en posorders
is betaalbaar aan: San Michele Te-
huis, W.O. 533.

LAATAANDE

* Vervolg van kolom 5

iemand in die sitkamer wil ont-
vang?

Let wel: ek is geen maniese sle-
per nie. Al wat ek wil sien, is reëls
wat meer rekening hou met die
werklikheid. Per slot van rekening
was diskresie nog altyd 'n be-
hoorlike alternatief vir reëls en
regulasies.

NET NOG 'N SLEPER.

die
WAPAD

VRYDAG 12 SEPTEMBER 1969

Selfberoemde 'studente-
staatslui' en die pers

Dit wil voorkom dat die
studentepolitiek steeds groei
in nuuswaarde vir die dag-
blad- en Sondagpers. Waar
'n sensasiebeluste man-op-
straat-leser soms voorheen
nie mooi gewet het dat 'n
universiteit meer is as 'n
skool nie, kan hy nou nie
meer anders nie as om die in-
druk uit die pers te kry nie
dat die studentelewe nóg een
van daardie versteekte-mikro-
foon- en bandopnemerplekke
is waar die onsmaaklikheid
van politieke beriggewing
hoogty vier.

Dit moet vleierend wees vir
sommige studente om verse-
ker te wees van nasionale pu-
blisiteit deur bloot op hul

kampus 'n effens buitengewo-
ne uitlating te maak of han-
deling in inter-universitêre
of studenteraadsverband te
verrig.

Jammer is dit dat die na-
sionale pers studente dwing
om hulself te gedra soos be-
roepsstaatsmanne en daar-
deur die studentagtigheid
van studentepolitiek af te
stroop.

Dit is egter meer betreu-
renswaardig dat studente hul-
self 'n voorbarige studente-
staatsmanskap aanmatig deur
die nasionale pers te mobili-
seer in 'n poging om gewig
te verleen aan hul optrede op
studentevlak en in studente-
vetes.

Lesersbriewe

Dit blyk nodig te wees om
duidelikheidshalwe die lesers
en „vertolkers” van studen-
tekoerante soos „Die Wapad”
te herinner aan die betekenis
van briewe van lesers wat ge-
publiseer word op hul eie
versoek: Wanneer 'n redak-
sie so 'n brief plaas, assosieer
hy hom nie noodwendig met
die inhoud daarvan nie en
dit staan enigiemand wat van
die briefskrywer verskil vry
om sy mening langs dieself-
de weg te lug. 'n Brief wat
in 'n koerant geplaas word,
is nie 'n bron waaruit die re-
daksionele beleid of stand-

punte gelees kan word nie.

Omdat dit aanvaarde ge-
bruik is dat lesersbriewe op
versoek onder skulname ge-
publiseer kan word, sou dit
swak persetik wees, waarvan
enige redaksie afkerig is om
beskuldig te word, om op eie
inisiatief 'n lesersbrief te
skryf en te plaas om sodoen-
de een of ander standpunt te
propageer waarvoor hy nie in
sy ander kolomme die pers-
vryheid het nie.

Aan sodanige optrede sal
hierdie redaksie van „Die
Wapad” hom nie skuldig
maak nie.

REDAKSIE

Hoofredakteur Francois Venter	tel. 2050
Subredakteur: Dirk Laufs	tel. 4638
Subredaktrise: Martie Kruger	tel. 8214
Nuusredakteur: Lourens du Plessis	tel. 2030
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel	
Kunsredaktrise: Joan Crafford	tel. 2071
Sportredakteur: Johan Preller	tel. 6701
Akademie redaktrise: Elsabé Smuts	tel. 2039
Eupeesredaktrise: Retha Coetzee	tel. 2071
Sosiale redaktrise: Retha le Roux	tel. 2119
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries	tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm	tel. 5553
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen	
Sekr.-Peningmeester: Leon du Plessis	tel. 2030
Sirkulasiebestuurders:	
Piet Strydom	tel. 2019
Piet Hattingh	tel. 2019
SPORTVERSLAGGEWERS:	
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers;	
Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.	
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:	
Erna Arnold; Rika van der Walt.	
KUNSVERSLAGGEWERS:	
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.	
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:	
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.	
SOSIALE VERSLAGGEWERS:	
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer;	
Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.	

T. G. KRÜGER EN SEUN

Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom

EIENDOMSAGENT

Vir verkoop van

★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.

Lenings gereël

Uit die Woord

IN DIE VOORPORTAAL VAN DIE
WETENSKAP

Spreuke 1 : 7: Die vrees van die Here is die beginsel
van die kennis...

'n Eenvoudige, bondige belydenis waarmee die boek van
wysheid, kennis en insig, die boek Spreuke, begin: alle ware
wete(nskap) is in die vrees van die Here gewortel.

- Dit is duidelik, maar ook al geïgnoreer.
- Dit is omvattend, ingrypend, maar ook al veroppervlakkig
en beperk.
- Maar dit is ook 'n belydenis wat in sy eenvoud tot diepe
nadenke stem. Want: Hoeveel weet ons van die vrees van
die Here? Hoe diep strek ons kennis van die Woord van
God? Wat kan ons per slot van rekening sê ook na lange
jare van studie „In U lig”?

Ons het hier te doen met woorde wat ons stem tot nederige
verootmoediging en skuldbelydenis. Honderd jaar en nog maar
aan die begin...

Maar dit stem ook tot dankbaarheid omdat God moeitewol-
arbeid (Prediker!) wat in sy Naam gedoen is, sal seën.

- Uit hierdie belydenis moet ons leef, ten volle. Immers,
Christus is die Koning, ook van ons kennis én van die
wetenskap. Hy het dit met sy soendood vir Homself ge-
proklameer.

J.A.K.

Uit die POSSAK

KULUMOR

GEAGTE REDAKTEUR. — Enkele minute voor ons Maan-
dagaand ons nuwe huiskomitee sou kies, is ons ingelig dat
Kulu volgende jaar 'n manskoshuis sal wees. Voor die voet
moet ons dus trap.

Die Kuludames het deur die jaar
van prof. Bingle, prof. W. N.
Coetzee en mnr. Joggie Hattingh
uitdruklik die versekering gekry
dat die koshuis nog 'n dameskos-
huis sal bly.

Nou word van ons verwag om
na die ekonomiese eenheid, wat
Heide genoem gaan word (Draken-
stein), te trek. Daar sal ons in
klein kamertjies met klein venster-
tjies deur 137 eerstejaars verswelg
word, as ons nie voor die tyd aan
ondervoeding sterf as gevolg van
die sentrale eetsaal se besparings-
dieet nie.

Kulu is nie nuut nie, maar ten
spyte van veertig jaar se bestaan
is dit nog 'n luukse koshuis — die

grootste kamers, breedste venster-
banke, heerlikste vierkant, handige
strykkamers en pragtige tuin —
waar probeer word om deur 'n
lekker gees die Puk se karakter
as 'n Universiteit waar die individu
belangriker is as die massa, te
handhaaf.

Waar ons nou stuit teen die
fenomenale uitbreiding van die
Universiteit, waar net toekomstige
studente van belang is en nie die
tevredenheid van die huidige stu-
dent nie, wil ek net sê: 'n goeie
produkt adverteer homself en 'n
tevrede student is die beste beleg-
ging van 'n Universiteit. Kulu is
NIE tevrede nie.

'n Kulu-derdejaar.

Laataande ongebalanseerd

GEAGTE REDAKTEUR, Dit val
nie te betwyfel dat ons universi-
teitsowerhede bekommerd is oor
die welsyn van die studente nie.
(Die feit dat die gehalte van die
kos in die Sentrale Eetsaal blyk-
baar die teendeel bewys, laat ek
maar daar.)

Een aspek van hierdie besorgd-
heid wat myns insiens egter nie
te regverdig is nie, is die beper-
king op die dames se laataande.

Dat die dames nie volkome vry-
heid kan hê ten opsigte van hul
nagtelijke bewegings nie, verstaan
selfs ek, en daarom verwag ek nie
dat hulle toegelaat moet word om
tot drie-uur soggens uit te bly nie.
Maar aan die ander kant glo ek
dat die huidige reëlings nie die
regte balans tussen reëls en die
dames se eie verantwoordelikheid
handhaaf nie.

My besware. Eerstens: Twee
laataande per kwartaal vir eerste-
jaars is myns insiens hopeloos te
min. Veral met die talle opvoerings
in die dorp moet so 'n dametje
of 'n Salomo wees om te besluit
waaraan sy haar laataande moet
bestee, of 'n Houdini om meer as
tweekeer in 'n kwartaal uit die
koshuis weg te kom.

Tweedens: Die klein aantal laata-
aande (ook vir seniors) sou nog
draaglik gewees het indien dit
moontlik was vir mans om dames
saans ná sleeptyd in hul koshuis-
sitkamer te besoek. Tans is die
posisie egter so, dat hierdie be-
soeke beperk word tot vyf (of in
'n paar koshuise tien) minute. Die
motivering hiervoor sien ek moei-
lik in. Waarom 'n dame laat uitte-
ken indien sy vir 'n kwartier lank

* Vervolg in kolom 1

U.P.E. verloor dosente, professore en dank redakteur af

DIE JONG tweetalige Universiteit van Port Elizabeth word die afgelope tyd baie geraak deur dosente wat die Universiteit verlaat. Die afgelope twee jaar het die Universiteit dertig van sy doserende personeel verloor waarvan vyftien professore was. Onder hulle is prof. T. T. Cloete wat in die departement Afrikaans-Nederlands op die P.U. vir C.H.O. aangesetel is.

Die Universiteitsraad voer aan dat dit veral die stigting van die Randse Afrikaanse Universiteit is wat baie van die dosente getrek het. In sommige gevalle was daar egter ook verskille met die beleid van die Universiteitsraad.

„Verskil in beleid” het onlangs aan U.P.E. ook op studentevlak aanleiding gegee tot beroeringe.

STUDIEBEROERINGE
Mnr. Johan van Zijl, redakteur

Van Jaarsveld beste redenaar

OP 'n onlangse redenaarskompetisie het Ben van Jaarsveld die Wolnit-beker ontvang. Hy het gepraat oor die hoë egskedingsyfer in Suid-Afrika. Rika van Graan was tweede met 'n humoristiese toespraak wat bloot Status geheet het.

Dirk Wijnbeek was derde met sy toespraak: „Die invloed van die Kerk op die kultuur.”

Bewens die voorbereide toesprake moes die deelnemers ook onvoorbereide toesprake lewer. Die bekere en tjeks is op die laaste monstervergadering aan die deelnemers oorhandig.

PERSONALIA

OORTREE die professore ook soms ons landswette? Ja: Die Loonwet, deurdat hulle die student tien uur op 'n dag laat werk, en die betaling vir hulleself hou. — Besembos, 1929.

DIE S.V.R. was verplig om sekere nominasies vir die nuwe S.V.R. ongedig te verklaar met die oog op die portret wat gewoonlik geneem word. — Besembos, 1928.

DIE professore oortree die Wet op Mate en Gewigte deurdat hulle die student 'n oormaat van huiswerk gee, en daardeur die gewigte van studente verminder. — Besembos, 1929.

KULTUUR GEPRAAT IN DIE FRANS DU TOITGEBOU

IN KULTUURSAAMTREK, met as sentrale tema die Afrikaanse volkskultuur en die toekoms, word op 18 en 19 September in die Frans du Toitgebou gehou.

Behalwe bedrewe plaaslike sprekers, soos dr. C. N. Venter, proff. J. H. Coetzee, S. C. W. Duvenage, G. Dekker, W. N. Coetzee, sal belangstellendes ook na die president van die Senaat, Sy Edele J. de Klerk kan luister. Ander bekende persone soos brig. M. van Vuuren en prof. Abel Coetzee sal ook die woord voer. Die rektor, prof. H. J. J. Bingle, sal praat oor die Afrikaanse volkskultuur en die toekoms.

Aktuele aspekte, soos die wysgeer en die kunstenaar in die toekoms van die Afrikaanse volkskultuur, die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse lewensstyl, Afrikaanse kultuurorganisasies in die toekoms, en die onderwys en die toekoms van die Afrikaanse volkskultuur, sal deur gesaghebbendes belig word.

van Upen, wat deur die Studenteraad afgedank is, is weer in sy amp herstel ná 'n besluit op 'n massavergadering. Redakteur en studenteraad kon mekaar blykbaar nie vind oor die kwessie dat hy minderheidstandpunte in Upen gestel het nie. Hy is afgedank nadat hy geweier het om apologie aan te teken.

Die massavergadering het toe 'n mosie aanvaar dat hy in sy amp herstel word.

BELG HOU LESING BY P.U.

Prof. dr. G. Gillissen van die Universiteit van Brussel, wat Suid-Afrika tans onder die kultuurverdrag met België besoek, het dié week 'n besoek aan Potchefstroom gebring.

Prof. Gillissen het Maandag en Dinsdag 8 en 9 September Potchefstroom besoek en lesings gehou oor: De receptie van het Romeins Recht in West-Europa, en 'n lesing oor: De geschiedenis van het bewijsrecht in West-Europa, sedert die late middeleeuwen.

WITSIES ONBESKOF TEENOOR DRYDEN

SPELERS VAN die Dryden Society dramageselskap van die Universiteit van Cambridge moes Maandagaand eers die verhoog „skoon” maak voordat hulle met hulle opvoering kon begin op die terrein van die Witwatersrandse Universiteit.

Sterkmanne uit die geselskap het 'n linksgesinde Witsie, Robin Margo, van die verhoog gedra onderwyl hy hulle hewig aangeval het omdat hulle weier om voor gemengde gehore op te tree. Margo

Perdeby en Irawa wen kompetisie

PERDERY EN IRAWA; studentekoerante van U.P. en U.O.V.S. onderskeidelik, het gesamentlik die eerste plek verower in die kompetisie van studentekoerante van 1968. Redaksielede van twee Afrikaanse dagblaie het as beoordelaars opgetree en aan elk van hierdie koerante 'n gemiddeld van 70% toegeken. Die Wapad was derde met 64% gemiddeld.

Op die afgelope konferensie van die Afrikaanse Studentepersunie wat by U.O.V.S. gehou is, is besluit dat die paneel van beoordelaars vergroot sal word tot vyf. Drie van die beoordelaars sal redaksielede van Afrikaanse dagblaie wees — verteenwoordigend van die verskillende persgroepe.

MOLNAR BY P.U.

Die laaste lesing van vanjaar in die L. J. du Plessis-reeks word Vrydagaand 12 September om 7.30 nm. in kamer 100 van die Frans du Toitgebou by die P.U. aangebied.

het ook die gehoor gevra om die saal te verlaat en 'n tiental studente het hom gevolg.

Die onbeskofte optrede van die Witsies was nog 'n variasie op die tema van hulle „stryd teen rasse-diskriminasie”.

Ook by die Universiteitskollege van Fort Hare het Nusas en bantostudente teen hierdie studente uit die Verenigde Koninkryk betoog weens hulle weiering om voor gemengde gehore op te tree.

Die Dryden Society het verlede Saterdagdaand 'n Shakespeare-drama in die Totius Gedenksaal opgevoer.

VLEIENDE PRETORIASE KRITIEK VIR ALABAMA

ALABAMA se optrede twee Saterdagde gelede in 'n volgepakte Aula in Pretoria, het baie vleierende kommentaar in die pers, en veral in Pretoria News uitgelok.

Pretoria News beskryf die opvoering in die Aula as „one of the most refreshing happenings on the musical scene in Pretoria for a long time”.

Die paar punte van kritiek, sê Pretoria News, is onbelangrik as dit vergelyk word met die loutere briljantheid wat dié amateurproduksie op plekke gekenmerk het.

◆ Die skrywer van die resensie sê
◆ voorts: „I want to state emphatically that I have witnessed
◆ quite a number of local and important professional groups that
◆ would be unable to match Revue '69's unflinching tempo, surprising musical arrangements
◆ and unflinching zest”, en sluit af met: „All credit to the Alabama
◆ Group for showing us what can
◆ be done by students.”

DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

DIT is 'n bloedige tyd waarin ons leef, mej. X. En bloedig is selfs nie die woord daarvoor nie.

Iemand agter 'n toonbank verkoop hompe vleis van dooie diere in bloed; in my gereelde koerant is die gesigte van uitgeteerde Gaboense kinders op beddens langs dr. Chris Barnard se heroïese glimlag; een Kersnag vermoor Kleinbooi sy vrou agter die stalle met 'n stuk bloudraad. In duisend boeke word die gasdood van duisend maar meer Jode tot historiese waarheid bewaar; die skreeuende vliegtuie oor Dunkirk is tot superoniese vegtuie hervorm; Ierland se burgers huiwer op die grens van broederoorlog as gevolg van 'n onversoerbare geloofstryd; Portugees soldate sit en wag en loer uit hul skuilings met hul gewere na elke roering in die nag wat dui op die gesluip van Frelimo se soldate; 'n belowende jong staatsman word êrens in Afrika voor 'n kafee op die sypaadjie vermoor. Afrika, Afrika — soel nagte en warm, warm dae: onrustig, broeiend, wagtend op die volgende verskyning

waarin die donker dood skuil. In Viëtnam hang die oorblyfsels van 'n dooie vrou oor 'n stuk doringdraad waar 'n bom sý tol geëis het. Onverbiddelike vonnisse word koelbloedig gevel deur waardige, buikige manne met swart pakke en onberispelike strikdassies tussen die Mafia se houtgepaneelde kantoor-mure; op die dak van 'n hoë gebou in Washington word 'n baba vermoor (of was dit in die kleedkamers by Johannesburg se stasie?); en daar is die dood op die pad in Volkswagens, Cortinas, Valiants, Datsuns en elke ander fabrikaat denkbaar — die dood in soveel vorms as verskynings.

Maar hier by ons, mej X? Hier is dit anders. Hier is dit altyd anders. Daarom, mej. X, bind die dae met silwer voetkettings. Want ook dit gaan tot niet.

In die eerste twintig jaar het Burgersdorp 47 studente opgelewer: vyf onderwysers, drie prokureurs-notaris, twaalf proponente, een B.A.- (cum laude) student en die res in ander beroepe.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK
'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

OUDITEURSKLERK BENODIG

Skriftelike aansoeke word ingewag van jong manne wat aan hierdie Universiteit studeer en wat aan die einde van hierdie akademiese jaar die B.Com., B.Sc., of B.A.-graad verwerf en verder ook van voorgraadse studente wat om een of ander rede hulle studies nie kan of wil voltooi aan 'n residiensiele Universiteit nie, om opgelei te word onder leerkontrak as Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeure.

Van suksesvolle applikante sal verwag word om aan die Universiteit van Suid-Afrika as studente te registreer en vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde te studeer, die diploma daarvoor te behaal en by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad die finale eksamen as Geoktrooieerde Rekenmeester (C.A.) af te lê.

Vermeld asseblief in u aansoek die plek waar u u hoërskoolopleiding geniet het, die jaar waarin u matiek afgelê het, u geboortedatum, Universiteitskursusse wat u reeds met welslae afgelê het, vir welke graad u tans studeer en wanneer diens aanvaar kan word.

Rig u aansoeke aan:-

„DIE OUDITEURE”

Posbus 358, NELSPRUIT.

A.S.B. BIED AAN:

KUESTA '70

'N REUSAGTIGE kunsfees-cum-kursusse projek sal aanstaande jaar gedurende die Aprilvakansie deur die departement kuns-kultuur van die Afrikaanse Studentebond aangebied word. Meer as vyftig praktiese kursusse en kompetisies op bykans elke denkbare kunsvlak sal deur meer as duisend Afrikaanse studente van oor die hele land bygewoon word.

Kursusse wat hieronder val, sal die volgende insluit: gevorderde fotografie, batikwerk, aqualongduik, aandele en handel, klipslypery, knoop- en doopwerk, mannekynkuns, pottebakkerie en motorherstelwerk. Kunsuitstallings sal die volgende kunste insluit: skilder, skets-, batik- en beeldhouwerk, asook foto's.

KUESTA „70" word in Pretoria op die terrein van die Pretoriase Onderwyskollege aangebied waar al die kollege se fasiliteite beskikbaar is. Die op- en uitvoerende items sal in die bekende Kleintheater gehou word. Die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Onderwyskollege se onderskeie A.S.B.-komitees het 'n gesamentlike reëlingskomitee aangewys wat praktiese reëlings in hierdie stadium reeds byna gefinaliseer het.

„Pomp" was in die twintigerjare Heimat se tugmetode. Hou die oortreder se gesig onder die pomp en kyk of hy dit weer doen.

Die ses studente op Burgersdorp het in 1886 hul eerste voltydse professor, ds. Petrus Postma, teen £400 per jaar aangestel.

- ◆ KUESTA „70" sal poog om hierdie die projek vir elke student waarlik die moeite werd te maak.

- ◆ Groot erkenning wag dus op potensiële kunstenaars en almal sal groot pryse ontvang.
- ◆ Om hierdie rede is meer as 200 bekende firmas reeds genader.

Groot skenkings word nog verwag en die moontlikheid van bootreise, Universiteitsbeurse, die uitgee van digbundels en konserttoere as pryse is hoogs waarskynlik.

DANSDRAMA DEUR ABRIE LE ROUX



(Foto: Fotokuns)

SHAKESPEARE STEL GEHOOR TELEUR

DAAR HEERS uiteenlopende menings onder studente aangaande die opvoering van *All's Well that Ends Well* van Shakespeare deur die Dryden Society van Cambridge. Gavin Webster meen dat die resensies oor die algemeen te negatief was en dat daar wel heelwat te waardeer was in die opvoering. Hierdie siening word onderskryf deur 'n aantal Engels III-studente, wat veral getref is deur die wyse waarop die spraakritme van die drama weergegee is.

Die spelers het ongelukkig baie sag gepraat en dit kan miskien die rede wees waarom lede van die gehoor reeds gedurende pouse die saal verlaat het.

Skerp kritiek oor die gehalte van die opvoering is daar wel. Volgens sommige is die indruk geskep dat Suid-Afrikaanse gehore

nie gekultiveerd genoeg is nie en dus met enigiets tevrede gestel sou kon word. Die dekor en kostuums het in baie opsigte teleurgestel.

Hierdie groep van 24 studente toer reeds geruime tyd deur die land en het reeds 'n toer deur Wes-Duitsland agter die rug.

Die Pukke het die algemene voorkoms van die studente as „raar" beskryf en een van die toerlede se opsomming van die Puk was: "It reminds me of England in the Victorian ages".

ONTMOET . . .



P. D. VAN DER WALT — die man wat 'n duidelik gesproke en passievolle woord ken vir elke geleentheid, maar wat by nadere kennismaking tog 'n soort individualis blyk te wees, wat beplan en bereken en dan sy gang gaan — professor in Afrikaans, liefhebber van die letterkunde, volle lid van die Akademie vir Letterkunde, Kuns en Wetenskap en vader van twee kinders.

Met die intrap in die kantoor was prof. Van der Walt juis besig met die lees van die galeiproewe vir „Mene Tekel", 'n bundel literêre studies en kritieke wat voor die einde van die jaar sal verskyn. Hierdie publikasies is 'n vervolg op ander, o.a. oor die Hobsonbroers, S. J. du Toit, die boekie „Versavontuur" en ander korter stukke, vakwetenskaplike boeke en artikels in literêre tydskrifte.

BOEKE

Prof. Van der Walt kom van Middelburg in die Kaap, waar sy vader posmeester was. Hy kom uit 'n gesin van vier kinders. Hulle was 'n gesin wat baie gelees het, met die gevolg dat prof. Van der Walt so tussen baie boeke en tydskrifte in sy kinderdae reeds die grondslag ontvang het vir sy latere letterkundige studies. Hy het op Middelburg skoolgegaan, maar aan die Paul Kruger Hoërskool op Steynsburg gematrikuleer.

Daarna het prof. Van der Walt vyf jaar aan die P.U. deurgebring. In 1947 het hy die B.A.-graad behaal met Afrikaans-Nederlands en Engels as hoofvakke. In 1948 het hy Honneurs in Afrikaans-Nederlands en U.O.D. aangepak, en in 1950 die M.A.-graad behaal met 'n skripsie oor J. C. Bloem.

Daarna is prof. Van der Walt aangestel as lektor aan die Natalse Universiteit in Durban. Aanvanklik was hierdie aanstelling net ty-

delik, en in hierdie tyd was hy ook senior Afrikaanse onderwyser aan die Hoërskool Port Natal en dosent aan die Durbanse Opleidingskollege.

In 1959 het prof. Van der Walt die D.Litt. verwerf nadat hy onder prof. G. Dekker gestudeer het. Sy verhandeling het gegaan oor „Die verlossingsmotief in die poësie van D. J. Opperman".

In 1964 het prof. Van der Walt toe 'n professoraat in Afrikaans aanvaar aan die P.U., waar hy vandag nog werksaam is.

STUDENTEJARE

In sy studentejare was prof. Van der Walt nie iemand wat besonder verslinger was op georganiseerde studentebewegings nie. Hy glo aan spesialisasie en het hom daarom meer toegelê op die akademie. Tog was hy joolleier met die Vreugdedag in 1949, en het ook behoort aan die Debatsvereniging en Toneelvereniging. Prof. Van der Walt was ook verbonde aan die Besembos en Die Wapad.

Prof. Van der Walt is een van dié gelukkige mense wie se beroep en stokperdjie een en dieselfde ding is, nl. die letterkunde. Hy het ook liefde vir ander kunsvorme, soos die skilderkuns en veral musiek. Sy liefingsdigter is Opperman en wat die prosakuns betref is dit Etienne le Roux. As dit by musiek kom, kies hy Beethoven, en is veral lief vir klavierkonserte.

Wat handwerk betref, het prof. Van der Walt as kind dikwels modelvliegtuie gebou. Vandag kom hierdie meganiese aanleg egter slegs tot uiting wanneer hy kan kry om sy motor self reg te maak.

Prof. Van der Walt het 'n normale belangstelling in sport. Hy het homself nie robuust genoeg geag om hom in die ruwe spel van rugby te begewe nie, maar op skool en universiteit het hy gereeld tennis gespeel.

AKADEMIE

Prof. Van der Walt is tans volle lid van die Akademie, en daarom ook lid van die letterkundige kommissie wat die Hertzogprys, Eugene Marais Aanmoedigingsprys, die Akademieprys vir vertaalde literatuur en die Scheepersprys vir jeuglektuur toeken.

Prof. Van der Walt deel sy belangstelling in letterkunde en kuns met sy vrou, Cecilia de Haas, met wie hy in 1962 getroud is nadat hy haar in Durban ontmoet het. Sy is 'n geesdriftige leser, maar ook huisvrou van uitnemendheid. Indien prof. Van der Walt enige sukses behaal in sy beroep, skryf hy dit toe aan die raamwerk wat sy vir hom skep om gelukkig en produktief te lewe.

Die Van der Walts het twee seuns van vyf en twee jaar.

Vir al u

- ★ APTEKERS- en
- ★ FOTOGRAFIESE
- ★ BENODIGHEDE

Besoek:

**APTEKERS
J. P. VAN DER
WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 3237

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom



Die winkel
waar die
kieskeurige
dame koop

S.A.U.K.-ORKES

IN EEUFEEKANTATE

VIR ALLE musiek liefhebbers lê daar 'n interessante tyd voor met die Eeufees van die Universiteit. Een van die hoogtepunte van die fees is die uitvoering van die eeufeeskantate op 4 Oktober.

Die kantate het 'n Latynse titel: Vera sapientia in Deo. Die tema is wysheid. Die teks is saamgestel uit vier gedeeltes uit die Bybel: die eerste gedeelte kom uit Job en handel oor die vraag waar wysheid gevind kan word; die tweede kom uit Spreuke en hier praat die Wysheid self en die derde gedeelte kom uit die Evangelie van Johannes. Die wysheid is nou vir die mens bereikbaar. Die vierde gedeel-

te, 'n lofsang, kom uit Romeine.

Die afrigting van die koor, bestaande uit studente, word waargeneem deur prof. Pieter de Villiers van die departement musiek. Die S.A.U.K.-orkes onder leiding van Anton Hartman tree ook op en die soliste is Joyce Barker, Sarie Lamprecht, Gert Potgieter en Rudi Neitz, almal sangers van formaat. Die uitvoering vind in die Sentrale Eetsaal plaas.

SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

VERLOWINGS, verlowings, verlowings! Dis nog nie eens behoorlik lente nie, want die treurige Augustuswinde waai nog verlede jaar se droewige blare van die droë takke af. Maar mense, as julle só aanhou, gaan die juweliers hierdie lente nog skatryk word.

Gawie Yssel het die mooiste ring in die land aan die mooiste aster op die Puk gegee; niemand anders nie as *Myra Heiberg*. En daarby is *Annetjie Dippenaar* meer opgewonde as ooit, want daar is nie nóg so 'n windmaker onderwyser op Odendaalsrus soos haar verloofde, *Sarel Strydom*, nie. Ook is *Magda Naudé* se hart nou in ander oorde, in ruil vir 'n blinke pand aan die vinger. Is ons reg as ons sê die landboukollege is hiervoor verantwoordelik?

In Kulu is dit nie net *Myra* wat aandag geniet nie, maar ook *Anette Smit* en haar *Herman Crause*, *Monika Heystek* en haar *Frans Smit* is ook al ou verloofdes.

Van pure geluk het *Jane de Beer* se glimlag al amper mooier geword as die fyn goud en edelsteen wat aan haar vinger pryk, en dit het sy alles te danke aan *Gert Wentzel* van Johannesburg.

Aangesien verlowings blykbaar so aansteeklik werk, wonder ons sommer net skelmpies wat in die toekoms gaan word van immergroen slepe soos dié van *Augusta van der Merwe* en *Piet Ghitaar*, *Anne Labuscagne* en *Pieter Blignault*, *Renille Bischoff* en *Chris du Plooy*, *Neelsie Smit* en *Chris van der Walt*, *Janet Coetzee* en *Pierre Jacobs* en *Hannetjie Beukes* en *eels Malan*.

Nuwe slepe is daar ook heelwat. Daar is iets aan die groei tussen *Henri Murphey* en haar *André*, en iets aan die broei tussen *Jenitt Pretorius* en *Frikkie van der Vyver*.

En wat sê die „fakulteit”? *Abri le Roux* en *Anrie Muburgh* is mekaar se steunpilare. En byt *Philip Naudé* en *Stephie Engelbrecht* nie nog steeds vas nie?

Die *Krugers*, *Isobel* en *Joffie*, is al ou slepe, maar nog steeds vars nuus. Dieselfde geld vir *Monica Roets* en *Mossie*.

Trudie van Heyningen en *Faan Kruger* is twee ou-ou sleepers wie se name maar gerus by vernuwing genoem kan word. Met *Marika Erasmus* van Kulu en haar *Pierre*

In 1864 beroep die gemeente Burgersdorp ds. Postma omdat hy onder die Britse bewind veiliger sou wees en dus beter sou kon voortgaan met die deelydse opleiding van predikante.

gaan dit ook nog steeds goed. *Trudie Smit* is naweke ook meer in Johannesburg as op die Puk, want is *Gert Vermeulen* nie daar nie, né!

Ons hoor goeie nuus van *Wilma* van Karlien, want sy en *Herman Venter*, van Over de Voor, het besluit dat hul paadjies nou lank genoeg uitmekaar geloop het. Mooi loop! Minder goeie nuus is egter dat *Frans Kruger* en *Marguerite de la Harpe* nie meer een wysie sing nie.

Hoe lui die spreekwoord van ou liefde nou weer? Miskien sal *Sonja* van Kulu ons kan help. Uit betroubare bronne verneem ons dat dit sommer weer honderd present gaan met haar en *Johan*. En daarby sê *Emmie Snyman* al die Puk se manne kan nie opweeg teen haar *Kobus* van Pretoria nie.

Laat ons maar hoop dat die dinees wat voorlê nie probleme sal oplewer nie, maar wel vaste slepe wat sal hou tot volgende jaar hierdie tyd.

Tokkelok-seminaar gehou

VERLEDE week het die Fakulteit Teologie 'n seminaar gehou, met sentrale tema: openbaring.

Onder die referente was proff. A. D. R. Polman van Nederland, P. D. van der Walt, S. J. du Toit, B. C. Schutte, A. J. E. Sorgdrager, en dr. S. Postma.

Lesings is gehou oor openbaring en die wetenskap, letterkunde, natuurwetenskappe, opvoedkunde, en die regte.

* Vervolg van bladsy 2

struikel nie, is hy 'n volmaakte man."

Hier geld twee goue reëls: Moet nooit iets leliks van iemand anders sê nie, en moet nooit oor jouself praat nie.

Die ongewilde gas word gou gemerk deurdat hy of sy met 'n mond vol tande sit en nie deelneem aan die gesprek nie. 'n Beterwete-rige, neerhalende houding en bewustheid van jou eie belangrikheid is swak smaak.

'n Aangename en genotvolle dineeseisoen aan alle Pukke, en hou die glasies letterlik en figuurlik vol!

DRAMA-STUDENTE ONTLOK REAKSIE

„LEKKA, LEKKA GRAND", so sê al ons dramastudente wat die skoletoer van die departement spraakleer en drama na Natal meegemaak het. Dit was „lekka" vir ons, en „grand" vir die gehoor.

Op Dundee het die optrede orrelstryk verloop. Die reaksie van die gehoor en die lofuitinge van oraloor sal nie lig vergeet word nie. Die oorspronklike aanbieding van Die Gesprek van die Dooie Siele en die Boerneef-spreekoor het die gehoor tot oorgawe gedwing.

Omdat ons feitlik pal op die grootpad was, het die reis vanselfsprekend in 'n koffiehuis-konsert ontaard, met eksklusiewe items soos hipnose en „grand

opera". Ons het ook skaars grondgevat in Pietermaritzburg of ons verdwaal in die bouse stad, toe stuur ons aan ons toerouers 'n telegram om van ons penarie te vertel en eet ons middagmaal op die koelie-

Ons stem almal saam dat die toer aangenaam en geslaagd was danksy die harde werk van die dosente en ons vermoë om ons onder alle omstandighede uit te leef.

DIE INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

GEE 'N MAN 'N LUCKY!



VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE
AFLEWERING

SKAKEL 7074

Puk O.-19A-rugbyspan verower Barnardbeker

NA NOG 'N oortuigende oorwinning Saterdag oor Weermag O.-20A het die Puk O.-20A-span daarin geslaag om die Wes-Transvaal O.-20-liga te wen. Dit is dan welverdiend dat die jong Pukke, na 'n seisoen waarin hulle harde maar ook pragtige hardlooprugby gespeel het, die seisoen op so 'n hoë noot kon afsluit.

Weermag O.-20 het dan sommer van die begin af hard ingeklim en die Pukke se harte laat krimp toe hulle na vyf minute 'n onvervfyde drie gedruk het. Die jong Pukke moes dan ook die hele eerste helfte hard veg om die Weermag, wat die voordeel van die wind en son gehad het, van hulle doellyn weg te hou. Kort voordat rustyd aangebreek het, het die Pukke bloed geruik toe vleuel Tienie Marx oorgeval het vir 'n onvervfyde drie. Rustydtelling 3-3.

Vandat losskakel Faan Kok die tweede helfte ingelui het met die afskop, was dit duidelik dat die Pukke die oorhand het. Kaptein Charles Venter het die balle, wat sy voorspelers aan hom besorg het, oordeelkundig aangewend en goed gebruik gemaak van die wind deur hoë skoppe veld op. Dit was dan ook na so 'n stormloop dat senter Jan Opperman oorgedraf het vir

sy drie wat deur Louis van Niekerk vervyf is. Die Pukke wat nou die oorhand gehad het, het sterk vorentoe gedryf. Na 'n lynstaan op die middellyn, het skrumskakel Charles Venter pragtig gebreek en nadat 'n paar voorspelers gehanteer het, het flank Bernardo in die hoek oorgedruk vir sy drie wat ook vervyf is. Die wedstryd is beklank deur 'n strafskop van Van Niekerk

om die eindtelling op 16-3 te staan te bring.

Die Pukke kan dus met reg trots voel op hierdie jong manne wat puik spel gelewer het deur die seisoen, onder afrigting van mnre. Aap Henning en Schalk Hoogenboezem en die leiding van kaptein Charles Venter.

INTERVARSITYPUNTE KOVSIES STEEK AF

DIE KOVSIEKAT het vanjaar na die Intervarsity behoorlik stert tussen die bene teruggekrui na hul kampus met 'n skamele 52 punte agter hulle naam, teenoor die 148 punte wat deur die Pukke opgestapel is.

Die volledige uitslae is soos volg:

	P.U.	U.O.V.S.	Dames		
Golf:	2	0	16	2	
Hokkie:	0	2	33	3	
Judo:	67	43	Rugby: Koshuisliga	169	140
Netbal:	46	50	Eerstespan	16	11
Pluimbal:	15	0	Tweedspan	11	21
Skaak:	14	10	0/20-span	9	6
Skerm:	2	7			
Skynhof:	4	4			
Stoel:	6	1			
Tennis: Mans	18	18			

S.A.U.

Tafeltennis

SOUTH African Table Tennis News (Julie 1969) berig dat tydens die S.A.U. kampioenskappe gehou op Pietermaritzburg vanaf 6-11 Julie en waartydens Ikeys, Wits, Natal, Tukkie, R.A.U. en P.U. vir C.H.O. deelgeneem het, die PUK vierde geëindig het.

Ben Schutte van PUK is sesde op die ranglys geplaas terwyl Sarel du Plessis die vir mans wen.

GIMNASTE UITSTAANDE

DIE PUK-GIMNASTIEKKLUB het verlede week Vrydag op Evander 'n puik gimnastiekvertoning by die plaaslike hoërskool gehou. Die standaard van die mans- sowel as vrouegimnaste het verras en is lof toegeswaai. Veral die apparaatwerk van Leonard Young en Nolon Oberholzer is hoog aangeprys.

Die klub het reeds verskeie vertonings agter die rug, en beoog nog meer vir die toekoms.

Tydens die onlangse S.A. Gradedgimnastiekkampioenskappe in Johannesburg, het die Puk Wes-Transvaal in die vierde en vyfde graad verteenwoordig. Die deelnemers in die vierde graad was Gert Kruger en Patrick O'Neil. In die vyfde graad was dit Jacques Verster en Fritz Brisley. Al vier die gimnaste het hulle goed van hul taak gekwyt. Susna Henning het 'n goeie kans gehad om 'n medalje te wen in die vyfde graad vir vroue, maar moes haar ongelukkig weens 'n besering onttrek.

Die sesde graad kompetisie sal in Oktober afgehandel word, en daar word baie van Leonard Young, Nolon Oberholzer en Tobias Kruger verwag.

Regte wen

DIE eerstespan van die Regstudente het die Aptekers met 11-3 verslaan. Tienie van Schoor was ongetwyfeld die beste man op die veld.

Die „Tekkieteam" (3de jaars) het gelykop (3-3) gespeel. Gerrit Groenewald het in die slotposisie uitblink. Danie Olivier het met verrassende stormlopie vir die regsman vorendag gekom. Vir die Aptekers het De la Harpe Grobler goeie spel op senter gelewer.

THEOS MET EER UIT DIE STRYD

THEOS HET Woensdagaand 'n baie geslaagde seisoen afgesluit met 'n wedstryd teen Strathvaal in die uitklopreeks. Hoewel die Pukke verloor het, het hulle tog met eer uit die stryd getree.

Van die afskop af was dit duidelik dat die Pukke van plan was om die seisoen op 'n hoë noot af te sluit. Die voorspelers het mooi saamgejaag terwyl die losvoorspelers die balle wat skrumskakel Henk Coetzee hoog geskop het, lekker gejaag het. Dié taktiek het gou vrugte afgewerp toe die bal vir Henk Coetzee reg gespring het en hy 'n pragtige drie gedruk het. Dit is deur Piet Bruwer wat goeie spel op heelagter gelewer het met puik lynskoppe, vervyf.

Terwyl die voorspelers lekker ingeklim het met Dawid van As-

wegen en Piet Brand aan die spits, het die punte opgeskuif na 11-0 met twee pragtige strafskoppe deur Piet Bruwer.

Na rustyd het Strathvaal met sy twee Springbokke, egter die kaarte vir die Puk deurmekaargekrap deur twee vinnige drieë te druk. Met die telling op elf elk het Wes-Tvl. se losskakel Paul du Randt, Strathvaal laat voorloop toe hy 'n strafskop oorgeklits het. Hierna moes die Pukke verdedig en het mens telkens gesien hoe Basjan onder die teenstanders in seil. Met die eindtelling 14-11 kom die seisoen ten einde.

Theos wil die Pukke bedank vir die puik ondersteuning wat hulle deur die seisoen ontvang het. Met sulke ondersteuning en gees kan die PUK nie anders as om bo uit te kom nie. As op hierdie gees voortgebou word, sal ons Kovsies volgende jaar met intervarsity weer kan pakgee.

Pukswemmer laat spat S.A.-rekord

NICO van der Merwe, farmasiestudent aan die P.U. vir C.H.O. bokswemmer, het puik presteer op die pas afgelope Europese swemtoer en op die laaste byeenkoms in Bad Keinstat, na verskeie pogings vroeër op die toer, die S.A.-rekord in die 100 m. geslaan met 'n uitstekende tyd van 53.7 sek. (S.A.-rekord - 55.4 sek.) Hierdie rekord is egter nie erken nie aangesien dit in 'n 25 m. bad opgestel is.

Op die eerste byeenkoms in Lissabon het Suid-Afrika alles gewen en was Van der Merwe eerste in die 100 m. vryslag in 56.6 sek.

Op 'n internasionale gala in Utrecht, Holland, waaraan ses lande deelgeneem het, het Van der Merwe en drie van sy spanmaats in die 4 x 100 m. wissel-slag-aflos 'n nuwe S.A.-rekord opgestel.

Van der Merwe was weer in Hüttental en in Würzburg eerste met die steeds verbeterde tye van 56.8 sek. en 55.5 sek. onderskeidelik in die 100 m.

Op die laaste byeenkoms in Bad Keinstat is 'n ereprys vir die beste swemmer op die byeenkoms aan Van der Merwe toegeken.

DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.

U kan gerus u bande versool by...

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons
PLESIER!

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-
pad geleë).

Ons onderneem ook bestellings
aan koshuise tot baie laat
in die nag.

Tel. 6670



na aksie- satisfaksie



vol-ja smaakvol